

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
15 April 1979

Onderwerp: Boek van vertroosting

Lees: Johannes 13 vers 31 tot 14 vers 3

Teks: Johannes 14 vers 1

Sing: Gesang 5 vers 1
Gesang 302 verse 1 en 2
Gesang 56 vers 3

“Geliefdes in die Here Jesus Christus, die Bybel is God se Woord. Dit is ’n Woord wat met gesag ook in ons daaglikse lewens wil troos, bemoedig, vermaan en bestraf. ‘U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my pad.’ (Ps 119:105)

“En wanneer ons begin delf in hierdie myn van God se genade en God se gesprek met ons, dan ontdek ons spoedig dat die Woord van God ’n Boek van beloftes is.

“En Geliefdes, as ons vanaand tussen al die heerlike beloftes in die Woord van God een besondere belofte moet uitsonder, dan is dit die belofte wat altyd daar was en soos ’n goue binddraad dwarsdeur die Bybel loop om die boodskap daarvan as ’n eenheid saam te vat. Dit is die belofte dat Jesus Christus weer sal kom. Dit is Hy van wie Sagaria in vreugde uitgeroep het: ‘Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ’n oorwinnaar is Hy’. (Sag 9:9)

“Die finaliteit van die belofte van Jesus Christus se wederkoms bring ’n mate van benoudheid en angs in die hart van die natuurlike mens, omdat dit finaal en seker is. En tog is ons só onvoorbereid vir daardie dag wanneer die geroep sal weerklink: ‘Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!’ (Matt 25:6)

“Dit so wonderlik dat ons met ons verontrusting en angs na die Bybel kan gaan, om daar ’n boodskap van vertroosting te ontdek. Want hierdie Boek is by uitnemendheid die Boek van troos. Ons kan ook sê dat dit ’n Boek van gerusstelling is.

“Hierdie vertroosting en gerusstelling wil ons vanaand aan u bring uit Jesus Christus se woorde aan sy dissipels: ‘Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.’ (Joh 14:1)

“Jesus wou met hierdie woorde kalmte gebring het in die harte van sy volgelinge, juis in hulle onsteltenis

oor sy vertrek. Hulle het nie verstaan toe Jesus in die voorafgaande gedeelte vir hulle gesê het dat Hy hulle oor 'n kort tydjie sou verlaat nie. Ten spyte van alles wat Jesus gesê het, het hulle Jesus se hemelvaart nie verstaan nie. Dit was duidelik uit Petrus se reaksie toe hy gevra het hoekom hulle dan nie kan saamgaan nie.

“Jesus se hemelvaart was vir hulle 'n onbekende in die toekoms. Hulle was nie so bevoorreg soos ons, wat daarna kan terugkyk as 'n geskiedkundige gebeurtenis in die verlede nie. Die hemelvaart het vir hulle in die vreemde toekoms gelê. En omdat hulle deur die onbekendheid daarvan verontrus was, het Jesus hulle vertrous en gerusgestel.

“En nou is dit juis woorde wat ook só uitnemend pas by ons eie ontsteldheid en onsekerheid. Want ons eie beangstheid is ook toekomsgerig. Ons is nie net onseker en benoud oor die wederkoms en die oordeel nie. Ons is ook onseker oor ons lot en die toekoms van ons kinders in hierdie wêreld, wat met geen ander woord beskryf kan word nie as 'n kookpot van haat en onsekerheid. En daarom is hierdie woorde van die Here Jesus ook vir ons by uitnemendheid 'n trooswoord.

“Dan moet ons ook terselfdertyd byvoeg dat dit maar net een trooswoord is wat ons uitlig tussen al die ander woorde van vertroosting. Want ook daarmee sou ons, net soos met die beloftes in die Bybel, ure kon besig bly deur dit bloot maar op te noem.

“‘Laat julle hart nie ontsteld word nie’. Hoekom geld dit ook vir ons? Wat sou die vrees en ontsteltenis van hierdie onseker wêreld kan wegneem? Wat kan kalmte en rus gee in 'n ontstelde gemoed oor 'n onseker toekoms? Hoekom sou ons nie ontsteld wees in hierdie verskriklike eeu van kernoorloë en korrupsie nie? Hoekom hoef ons nie van angs te kerm wanneer ons bewus word van ons alleenheid in hierdie wêreld nie?

“Ag, Broers en Susters, ek wil nie vir u vanaand al die dinge opnoem wat 'n mens soms tot die diepste ontsteltenis kan voer nie. U weet self wat daar in u eie lewe is wat u benoud en beangs maak. Maar dit gaan nie eintlik vir ons daaroor nie. Dit gaan oor die rede waarom ons nie ontsteld hoef te wees nie. En dit is tog voor die hand liggend in ons teks. Dit lê in die woorde: ‘... glo in God, glo ook in My.’ Dit is 'n Woord wat vir die dissipels en ook vir u en my wil sê: ten spyte van enigiets wat ontsteltenis in jou hart kan opwek, God en Jesus Christus is daar!

“Daarom sou dit ons eerder pas om soos die Psalmis te sê: ‘Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy

onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof - die verlossing van my aangesig en my God!' (Ps 42:12)

"Jesus het gesê: 'Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.' (Joh 14:1,2)

"Ons bestorm elke dag die onbekende toekoms met onbedagsaamheid, sonder om te dink dat elke tree wat ons gee 'n tree in die toekoms in is. Ons behoort dit eintlik meer doelgerig en versigtig te benader.

"En vir hierdie onbekende toekoms het die Here Jesus aardse beeldspraak gebruik sodat ons die boodskap daarvan kan verstaan. Hy het spesifiek die beeld van 'n woonhuis gebruik, gebaseer op 'n argitekspan wat gasvryheid en verblyf vir baie mense waarborg. En dan sê Hy vir ons: So het die HERE God in sy verlossingsplan voorsiening gemaak vir genoeg huisvesting in sy koninkryk vir almal wat deur Jesus Christus daar wil inkom. Dit is hoekom Jesus moes weggaan. Hy moes weggaan om dit vir ons in gereedheid te bring. Die Heidelbergse Kategismus stel dit: 'Hy is vir ons daar ten goede'. (HK Vraag 46)

"Broers en Susters, die 'baie wonings' is nie 'n vertroosting vir die massas nie. Jy kan nie aan die skare sê daar is ruimte in die Hemel vir almal nie. Nee, dit is 'n Woord wat vertroosting bring alleen vir hulle wat in Christus Jesus die nuwe lewe en vertroosting gevind het.

"Hierteenoor, Geliefdes, moet ons nie die vertroosting in die Bybel só interpreteer asof geloof in God en Jesus Christus meteens alle benouende faktore uit hierdie wêreld wegneem nie. My geloof vrywaar my nie teen die aanslae van die Bose op my lewe nie. Dit sou 'n oorskating wees van die geloof en 'n vooruitgryp na die Hemel, terwyl ons nog op aarde leef. Ons word steeds omring deur die probleme van hierdie wêreld, wat só deur sonde deurdrenk is dat ons as gelowiges nie anders kan as om daaglik daarmee te worstel nie. Die pad van die geloof is 'n pad van stryd en worsteling met die Bose van dag tot dag. Maar die Here Jesus wil hê dat ons immers in hierdie stryd die geloofsvisie op die heerlijkheid van die Hemel sal behou.

"Die heerlijkheid van die Hemel staan vas vir die gelowige, teenoor al die bitterheid en ellende van hierdie wêreld. En dit is nie iets wat ons bedwelm sodat ons wêreldvreemd in die wêreld lewe nie. Nee, die uitsig wat ons op die Hemel het moenie vir ons 'n valse

motivering wees, wat ons wil laat voortstropel na môre, terwyl ons nie eintlik by môre wil uitkom nie. Nee, dan word ons fatalisties. Die uitsig op die Hemel is daar om my as gelowige hier op aarde te troos en geloofsmoed te gee, om hier te leef en te werk tot eer van die Here Jesus.

“En om te leef beteken nie maar net om tyd om te kry, om maar net vandag en môre agter die rug te kry nie. Al is ons nie van die wêreld nie en al is ons burgerskap ewig in die Hemel, dan is ons nog op hierdie aarde en in hierdie wêreld, waar ons moet leef tot eer van Jesus Christus! En daartoe word ons aangevuur en vertroos deur die wete dat daar op ons die blye dag wag waarop ons sal tuiskom by die Vaderhuis. Daar waar Jesus nou besig is om ’n plek te berei vir elkeen wat glo.

“Die ergste wat met ’n mens op aarde kan gebeur, is dat jy onder al die druk kan beswyk en sterwe. Maar vir dié wat glo, is dit nie so erg nie, want die dood neem die gelowige weg uit hierdie lewe van stryd na die lewe van gemeenskap met die Here.

“Al gebeur wat ookal met my, Jesus wil my vertroos: ‘Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.’

“Julle moet nie ontsteld wees nie. God is daar! En Jesus is daar! En die Hemel is daar vir elkeen wat glo.

“Amen.”